Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.



Die O.B.



DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 8 NOV. 1944. No. 51.

Saamsnoer op Ekonomiese Gebied En Saamveg Teen Partyverdeeldheid

Kern van O.B.-Beleid, sê Genl. Smith

„Die parlementêre front is maar 'n bysaak en daarby 'n baie minderwaardige bysaak vir die Ossewabrandwag. Dog as dit wel nodig word om aan hierdie aspek van ons stryd iets te doen en ons kry iemand as kandidaat, of ons stel self 'n kandidaat vir die volksfront, moet hy belowe dat hy die parlement se nek gaan omdraai; ons hoofdoel is egter om die volk as geheel voor te berei vir die sosiale omwenteling en alle mense saam te voeg vir die redding van ons volk op ekonomiese gebied", het genl. J. A. Smith, Adjunk-kommandant-generaal, voor die Offisiersraad van Gebied A voorverlede Saterdag in Kaapstad gesê.

In sy verduideliking van die parlementêre volksfront wat die Ossewabrandwag wil skep, het genl. Smith gesê dat ons met dankbaarheid kan getuig dat die Ossewabrandwag nooit sy hoed aan net een kapstok opgehang het nie. Die beleid van die Ossewabrandwag is nie afhanklik van die uitslag van die oorlog nie en buitelandse omstandighede kan die wese van sy beleid nie die minste verander nie. As voorbeeld het spr. verwys na die vorige oorlog toe Duitsland hopeloos verloor het, maar die rebellegees wat met Duitsland gesimpatiseer het, binne enkele jare oorwin het. **Vandag is daar nog verskillende faktore wat die posisie vir die Afrikanervolk gunstiger maak. Ten eerste is die Afrikaner hierdie keer sterker voorberei as destyds deur toedoen van die Ossewabrandwag. In die tweede plaas gaan Engeland na hierdie oorlog, ongeag die uitslag, verdwyn as 'n dominerende faktor in die wêreld. Dit is die allerbelangrikste uitwerking op ons beleid, want dit gaan die verset van die Engelse element teen die Ossewabrandwag verswak.**

Na die vorige oorlog het die ekonomiese vraagstukke gelei tot kommunisme in verskillende Europese lande, maar die volke het kort daarna die kommunisme weer van hulle afgeskud. Dit gaan weer gebeur na hierdie oorlog. Ook Suid-Afrika sal nie kommunisties word nie, veral weens die gelykstellingsbeleid van die kommunisme. Ons ondervind dan ook reeds nou 'n inkrummeling van die kommunistiese heigings in die vakbonde. Die hele wêreld hunker na ekonomiese herbeplanning, na bestaansbeveiliging, **maar in alle lande besef die volke, met uitsondering van die uitbuiters, dat bestaansbeveiliging nie moontlik is binne die liberalistiese parlementêre stelsel nie. Daar word gesoek na iets anders. Die partyregering van Suid-Afrika kan met al sy oorlogsmagte nie eens sorg vir die bestaansbeveiliging van sy soldate nie, en daar word by voorbaat al onder die soldate tienduisende pamflette versprei waarin die skuld vir die gebrek aan bestaansbeveiliging aan die Ossewabrandwag se optrede gewyt word — asof die Ossewabrandwag die staatskas beheer!**

GEEN PARTY

Dié sekerheid het die Ossewabrandwag dat die party wat aan bewind is, gaan verdwyn en dat die een wat die bewind soek, dit nooit sal kry nie al help ons hom. 'n Opposisie wat so optree soos hierdie het geen hoop om te regeer nie, want die volk het geen vertroue in hom nie. Daar moet iets anders kom. 'n Party kan nooit die volk wees nie. Die bewys is treffend deur dr. Malan gelewer, wat verklaar dat die Ossewabrandwag — 'n deel van die volk — uitgeskop moet word uit sy geledere. **Die buitestaanders sê dat as hierdie party nie eens met die O.B. wat naby hom staan, kan saamwerk nie, hoe sal hy dan met hulle kan saamwerk wat verder staan? Die feit is dat geen partyregering in enige land meer redding kan bring nie. Daar is een of ander gesagstaat nodig.**

Die Ossewabrandwag praat verkeerdelik van 'n „parlementêre" front. Die parlement is vir die politieke partye 'n doel op sigself. Hulle hele bedrywigheid is toegespits op hierdie een doel: die parlement. Vir ons is dit maar net 'n tydelike middel. **Ons groot taak lê buite die parlement op sosiale en ekonomiese gebied.** Daarom sal die Ossewabrandwag in der ewigheid nooit die taak van 'n party op hom neem nie. Met die hele wêreld hunkerend na 'n sosiale ekonomiese orde is die Ossewabrandwag as niepartypolitieke beweging, die enigste organisasie wat aangewese is om met 'n praktiese beleid te kom. Vandaar die besluit van die Grootraad. Die O.B. het as beleid die heropbou van die ekonomiese aangeleenthede van Suid-Afrika en hy alleen waarborg die bestaan van die werknemer en die werkgewer. **Daarom is besluit om 'n ekonomiese beleidsraad daar te stel wat hom gaan vertak in al die verskillende belange, en dit gaan die volkspolitieke liggaam van die Ossewabrandwag word.**

NIE NUUT NIE

Die Ossewabrandwag se deelname aan die politiek is nie 'n nuwe beleid nie, het genl. Smith voorts verklaar. Die Ossewabrandwag was van die begin af op politieke terrein. **Daarom is die leiding van die Ossewabrandwag in Januarie 1940 deur die H.N.P. opgeroep om die krisiskomitee van die party in Pretoria te ontmoet. Op daardie vergadering is daar beraadslaag oor die bydrae wat die Ossewabrandwag moet lewer in die politieke stryd. Daar is toe besluit dat spr. die skakel sou wees tussen die party en die Ossewabrandwag. Later het die K.G. die skakel gevorm toe hy die leiding van die O.B. aanvaar het. Die Ossewabrandwag het dan ook saam met ander volksorganisasies medewerking aan die parlementêre front aangebied op sekere voorwaardes.** Dit het uitgeloop op die stigting van **die eenheidskomitee, en later is uitgegee omsendbrief 1/41, waarin die parlementêre optrede vasgelê is.** Dit staan nog. Daarin is verklaar dat ons die president om die vyf jaar gaan kies, asook 'n volksraad. **Hierdie beleid staan nog.**

Net soos in die verlede gaan die Ossewabrandwag sy offisiere nie slinger op die paadjie van kandidaatskap nie. Geen offisier kan as kandidaat staan nie. Hy sal eers sy rang moet neerlê, en hierdie reël sal streng toegepas word. **Die enigste verskil tussen die verlede en die huidige is dat in plaas dat die O.B.-lid op parlementêre gebied onder die kommandantskap van D. F. Malan staan, hy nou ook hier onder kommandantskap van J. F. van Rensburg staan.**


Genl. Smith het ook verwys na die geweldige vyandskap van dr. Malan teen die O.B. soos ook weer geblyk het uit sy uitlatings voor die kongres op Uitenhage. **Hy (dr. Malan) het 'n beroep op die kerk en sake-ondernemings gedoen om ook teen die O.B. op te tree. Dit beteken dat hy die brood uit die O.B.-lid se mond wil neem.** Om dus vir hierdie mense te stem, beteken om vir jou eie ondergang te stem.

Die kern-beleid van die O.B. is dat hy op ekonomiese gebied alle mense wil saamsnoer om die volk te red, en op politieke gebied samewerking soek teen die verbrokkelende partystelsel.



WAARDIGE HULDEBETUIGING AAN OOM PAUL

Op 10 Oktober het die Ossewabrandwag met 2,000 Brandwagte in gelid deur Pretoria gemarsjeer om hulde te bring aan wyle President Kruger.



Bo: 'n Gedeelte van die 400 Boeredogters in hul netjiese uniform stap op maat van die dromslae na die standbeeld op die stasieplein.


Onder: Die speerpunt van O.B.-vaandels wat die reuse-optog gelei het.

VIR O.B.-DAG 1945

Komdte. A. Marais van die Blaukrans-kommando (D3b3) het reeds £2 ingesamel vir O.B.-dag 1945 deurdat sy al die geld wat sy vir dienste op 'n braaivleisfunksie ontvang het, in die kommando-kas gestort het. — (Ingestuur).

GEBIEDSLEIER WEK LEWE

Komdt. P. J. van der Westhuizen van Niekerkshoop (Prieska) berig dat daar heelwat lewe gekom het na 'n besoek van Gebiedsgeneraal C. L. de Jager aan die kommando in Augustus. Kort na die vergadering het heelwat nuwe lede toegetree.



JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam .....

Adres .....

.....

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

●

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

●

BESTE HEERSENDE PRYSE.

●

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Schoemanello Drank....
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

	Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kiste.	Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer.
WYNE:		
Fonkelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/9	—
Vermouth	3/-	—
Hanekraai — Cocktail	4/-	—
SOET WYNE:		
Likeurwyn en Ou Port	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne	2/6	—
Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Jeripigo, Rooi en Wit	1/9	8/6
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6
SJERRIES:		
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet),	2/9	—
Goue (Soet)	2/6	10/-
Spesiale (Soeterig)	1/6	7/3
Sjerrie (Soeterig)	1/5	6/9
DROË WYNE:		
Burgundy	1/9	—
Claret en Wit Droë	1/6	—
BRANDEWYNE:		
Super de Luxe	8/6	—
De Luxe	7/6	39/-
Ekstra Spesiaal	7/-	37/-
F.C.	6/6	36/-
Buchu	7/6	—
JENEWER	7/6	—
LIKEURS:		
Creme de Cacao	7/6	—
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos	7/-	—
Naeltjie	6/6	—
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment	6/6	34/-
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen en Suurlemoen	7/6	—

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

VIR DIE BOEREJEUG

Trek van die Laer

Net voor die laaste veldtog teen Dingaan het die Volksraad van Natal aan Hoofkommandant Andries Pretorius, die Held van Bloedrivier, opdrag gegee: Dat 'n laer getrek moes word; niemand op eie houtjie vooruit mag trek nie; dat elke laer net een kommandant, die laerkommandant, sou hê, gekies deur die Veldkornette.

'n Veldkornet was verantwoordelik vir die waens en moes sorg by die gerug van enige moontlike vyandelikheid dat 'n laer getrek word.

Die binne-ruimte van die laer was bekend as die plein en die klein opening in die laer, waardeur manne te perd in of uit kon jaag, is genoem die „hek" of „poort". Gedurende die geveg was dit verskans met doringtakke.

Om die laer in 'n staat van verdediging en beveiliging te bring, is die disselboom van die een onder die buikplank van die ander een ingestoot en die wiele van die waens is met remkettings aanmekaar vasgekoppel. Die ruimte tussen die voor- en die agterwiele is verskans en versterk met doringtakke om te voorkom dat die vyand onderdeur kruip en die Trekkers binne die laer aanval.

Op die teenoorgestelde hoeke van die vierkantige laer is dikwels twee kleiner hokke van waens getrek. Hierdie hoke is bekend as **skiethokke** en is gebruik om die kanonne in te stoot en die vyand met die voorlaaiers by die groot maat dood te skiet. Sodra die digte formasies naby die waens is, is hulle in groot getalle vanuit die skiethokke neergeskiet want die Boere kon vanuit die hokke in drie rigtings skiet.

Die vorm wat die laertrek aangeneem het, het gevarieeer met omstandighede. Soms was dit in die vorm van 'n vierkant; ander kere soos by Vegkop was die laer getrek in twee sirkels. Tussen die buite- en binnesirkel het die perde gestaan. I.v.m. die geveg sê Sarel Celliers dat die kaffers alles in hulle vermoë gedoen het om die doringtakke uit te ruk, maar die takke was deur die kettings te vas. Die waens was meer as 'n halfvoet na buite gesleep. Gewoonlik is die vee in die spasie tussen die twee sirkels gejaag.

Na die skrikwekkende moorde te Blauwkrantz en Moordspruit het die Trekkers spesiale voorsorgmaatreëls getref teen moontlike aanvalle van die Zoeloes. Hulle het die laers in driedubbele kringe getrek.

Meestal is daar gebruik gemaak van doringtakke tussen die waens, maar dit was lastig om altyd daarvan gebruik te maak of in streke waardeur hulle trek groei nie doringbome nie. In die slag van Bloedrivier is gebruik gemaak van veghekke in die vorm van 'n leer. In die lang houte is gate geboor en hierin het die sporte gekom, na aan mekaar sodat niemand daar deur kon gaan nie.

Die hekke het op trek teen die tent gerus. Waar 'n laer getrek word, word die hekke aan die buitekant van die laer afgeslaan en onder aan die wiele vasgekoppel met kettings. Die veghekke is so groot gemaak dat hulle mooi gepas het tussen die voor en agterwiele van elke wa. Om die verskansing dubbelsterk te maak, is die hekke aan die binnekant ook afgeslaan en vasgekoppel.

RAKETTE
ASOOK ANDER SPORTBENODIGHEDE
stuur aan
VAN ZYLS
vir
HERSNARING
DIE PAARL
OOK TE PORTERVILLE.

Platteland Sal Werker In Toekoms Nie Weer Skiet Nie Maar Help

Genl. Van Zyl oor O.B.-Arbeidsfront

Die tyd nader vinnig dat daar 'n beroep op die boer van die platteland gedoen sal word om die werker in die stad te gaan skiet, maar hierdie keer sal die Ossewabrandwag daarvoor sorg dat die beroep wat na die platteland uitgaan, sal wees om nie te kom skiet nie, maar hulp te kom verleen aan die werker," het gebiedsgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl voorverlede Saterdag aan die ofisiersraad van Gegied A gesê in 'n kort oorsig van die arbeidsbeleid van die Ossewabrandwag.

Genl. Van Zyl het verklaar dat die Ossewabrandwag se groot doel is om die Afrikaner van die stad nader te bring aan die Afrikaner van die platteland. Dit is deel van die Revolusie van die Twintigste Eeu wat nadruk lê op die nasionalisme, wat ons afkoms wil handhaaf, en sosialisme wat 'n reaksie is teen die kapitalistiese uitbuiting. Die Ossewabrandwag wou hierdie sake nie net teoreties beskou nie, maar wou ook ingryp in die werklikheid. **Hy wil die werker by die hand neem en hom inskakel by sy volk teen die kapitalisme wat hom uitbuit.** In November 1943 het die Kommandant-generaal die stigting van die O.B.-arbeidsfront aangekondig, en sedertdien is dit met baie groot welslae bekroon. Die Ossewabrandwag is besig om die werker te laat verstaan dat die kloof tussen platteland en stad nie meer bestaan nie, en spr. glo dat daar nog groot kragte in die toekoms sal bykom. Hiermee het die Ossewabrandwag getoon dat hy die Revolusie van die Twintigste Eeu aanvaar en dat hy tot praktiese volkspolitiek wil kom. Ons lewe in die eeu van sosialisme en dit is nie in ons mag of in enigiemand anders se mag om te belet dat sosialisme die oorwinning gaan behaal nie. **Wat die Ossewabrandwag betref, is dit sy hele wese om sosiale geregtigheid te verkry, en ons sien uit na 1945 as die jaar wat groot vooruitgang sal toon.** Die tyd nader vinnig dat daar weer 'n beroep na die platteland sal uitgaan om op die werker van die stad te gaan skiet, maar hierdie keer sal dit nie 'n beroep wees om te kom skiet nie, maar om hulp te kom verleen aan die werker. Hierdie dinge gaan kom as noodwendige konsekwensies van die politieke en ekonomiese toestande.

PARLEMENT

In verband met die parlementêre front het genl. Van Zyl gesê dat die Ossewabrandwag hiermee nog 'n front toevoeg langs sy jeugfront, sy arbeidsfront en sosiale front. Dit is nie 'n afwyking nie maar 'n toevoeging. Dit het noodsaaklik geword nadat die Eenheidskomitee misluk het. Destyds het ons opgesien na die H.N.P. om aan die parlementêre front die leiding van die Afrikanervolk en O.B. op hom te neem. Dit het egter misluk. Daarna is op die Offisierslaer in Bloemfontein besluit dat die O.B. tot 'n wyer volksbeweging uitgebou moes word. Die O.B. moes toe ook belang stel in die dinge wat hy voorheen aan die H.N.P. oorgelaat het. Ons het hierdie aspek egter nie so dadelik op die voorgrond gestel nie omdat ons gemeen het dat ons grootste taak nog buite die parlement lê. **Nogtans het ons nie alle belangstelling in die parlementêre stryd verloor nie, want by verskillende geleenthede het ons gesê dat dit in die huidige omstandighede beter sou wees as ons as volk sou wegbly van die parlement, maar as dit nie eensgesind gedoen kan word nie, moet daar teen die Empire-regering gestem word. In elk geval bly die grootste taak van die Ossewabrandwag nog buite die parlement.** Maar as volksbeweging wat alle terreine van ons volkslewe wil dek, kan hy in die huidige omstandighede nie die parlementêre front ignoreer nie.

Genle. mev. J. S. du Toit het die vergadering ook toegespreek en beklemtoon dat die Ossewabrandwag gedwing is om ook die parlementêre front te aanvaar, o.a. weens die optrede van die H.N.P.-leiding. Sy doen 'n beroep op die offisiere om voortaan met alle mag te organiseer en die beleid van die Ossewabrandwag buite sy grense uit te dra.

Die vergadering is met gebed geopen deur genl. H. L. du Toit en die verrigtinge is gelei deur hoofgenl. P. R. Retief.

Daar is ook verslag gedoen van die O.B. se finansies, en geouditeerde verslae van die boeke van die O.B. en Noodhulpfonds is voorgelê.

„WAT HET JY BEREIK IN PARLEMENT?"

L.V. Erken sy Onmag

In 'n brief aan homself in sy hoedanigheid as parlementslid doen Arthur Barlow as redakteur van sy weekblad die volgende openhartige erkenning omtrent die swakheid van die parlementêre partydiktatuur:

„Jy is een van die gekose verteenwoordigers van die volk in die parlement; jy is veronderstel om die stem van die volk te vertolk. Jy beweer dat jy baie striemende toesprake in die parlement gehou het..... en dat jy oor die algemeen baie welsprekend was. Ons het slegs jou woord daarvoor omdat die kapitalistiese pers en S.A.P.A. geen verslae daarvan gegee het nie.

„En Arthur, wat presies het jy verkry?

„Nou ja, Arthur, ek blameer jou nie — ek weet dat jy jou selfstandige bes gedoen het om te slaan en hard te slaan teen die euwels wat jy gemerk het, maar eerlik: het jy iets bereik?.

„Hierdie Verenigde Party waarvan jy lid is, is veronderstel 'n liberale en progressiewe party te wees. Het jy dit so gevind; was die swepe nie gedurig by jou om jou „'n bietjie in te hou", om bietjie stadig oor die klippe te gaan — inderdaad om stil te bly nie?

„Jy tjank nie, Arthur, en jy het nie so gesê nie, maar ons weet dat die Verenigde Party nie daarvan hou dat sy lede menings moet uitspreek wat nie vooraf noukeurig deur die leiers nagesien is nie".

Die skrywer kon net bygevoeg het dat dit die beleid van ALLE partye is — vandaar die noodsaaklikheid van 'n koukus en 'n sweep. Net soos die sirkusbaas sy sweep laat klap as die diere nie maak soos hy sê nie, so klap die partysweep gedurig om die diktatuur te laat geld. En dan is hulle die mense wat die Volksbeweging van 'n diktatuur beskuldig!

VIR NOODHULPFONDS

Lenie Keuler van Oupos, Blikfontein, het vanjaar weer £2 gegee vir die Noodhulpfonds. Die geld samel sy in deur elke laaste Sondag van die maand haar bussie op die tafel neer te sit. 'n Mooi voorbeeld.

SPIN- EN WEEFKURSUS VIR KAAPSTAD

Die Vriendskapsentrum van Kaapstad het 'n stap verder gevorder in verband met sy nuttige werk. Die jongste byvoegsel is 'n weefstoel wat so pas aangeskaf is deur die vroue van Gebied A, na genle. J. S. du Toit meedeel. Hfkomdte. M. Erasmus, wat die vorige jaar na Bloemfontein gegaan het om 'n opleiding in spin te ontvang, is vanjaar weer gestuur vir 'n kursus in weef. Sy het dit met groot welslae deurloop en pragtige matte en stoelkussings saamgebring wat sy daar geweef het. Sy sal elke Donderdag in die Vriendskapsentrum wees om lesse te gee en persone wat daarvan gebruik wil maak, word versoek om in verbinding te tree met of te skryf aan Veldkte. Retief, O.B.-Vriendskapsentrum, Groote-Kerkgebou, Kaapstad.

Voedselskandaal Duur Voort In Belang van Engeland

Suid-Afrika deur Partyregering aan Vreemdes Uitgelewer

Die voedselskandaal duur nog ongestoord voort en reuse-hoeveelhede lewensmiddele word die land nog steeds uitgevoer en sal in die toekoms verder uitgevoer word, na die Minister van Landbou in sy jongste uitlatings bekend gemaak het.

In dieselfde asem waarmee hy aankondig dat daar 'n tekort aan vleis is omdat ons „ons reserwe-voorrade aangespreek het", het mnr. Strauss meegedeel dat daar voortgegaan moet word om vleis na Engeland vir sy oorlogsbehoeftes uit te voer.

In 'n radiotoespraak verlede week het mnr. Strauss beklemtoon dat enige tekort, of dit nou ook aan vleis of botter is, in die eerste plaas toegeskryf moet word aan die Unie se bydrae tot die oorlogspoging.

„Weens die oorlog", het hy gesê, „was daar so'n groot vraag na ons voedsel dat ons eenvoudig verplig was om ons reserwes, veral ons vleisreserwes, aan te spreek". Hy het verder aangevoer dat die Unie behalwe sy eie troepe binne en buite die land ook 'n ooreenkoms met Engeland het „om groot hoeveelhede kos aan die Britse magte te verskaf". Dit doen ons in ruil vir die „groot" voorrade voedingstowwe, soos rys, tee, koffie, speserye en dies meer, wat ons van Brittanje kry.

„As dit nie vir hierdie reëlings was nie, sou dit onmoontlik gewees het om skeepsruimte te kry vir die masjinerie wat nodig is om voedsel in die Unie te produseer", het hy gesê.

'n Hoeveelheid voedsel wat genoeg was om die Unie se voor-oorlogse bevolking veertien jaar lank van voedsel te voorsien, is in vier jaar se tyd ingemaak en verorber deur die Britse oorlogsmagte, het die Minister skaamteloos erken en bygevoeg: „Ons moet nou na die toekoms kyk, want die oorlog is nog nie verby nie. **Aanstaande jaar word by voorbeeld meer as 85 persent van die boere en fabrieke se produkte opsygesit vir die gewapende magte van die Verenigde Volke. Net die 15 persent wat oorbly, sal vir ons eie verbruik beskikbaar wees.** Dit is een van die voorwaardes wat gestel is deur die Verenigde State wat die tin vir ons blikkieskos verskaf".

Behalwe hierdie verpligtings moet die Unie ook nog sorg vir 27 gebiede in Afrika.

SWAPE-WERK?

Ten slotte het die Minister 'n beroep op die publiek gedoen om blikkiesvleis te gebruik solank vars vleis skaars bly. „U sal ons en uself ook help deur dit te doen", het hy gesê.

Dit is nie duidelik wat met hierdie „help" bedoel wod nie, tensy daaronder verstaan moet word dat die regering so'n slagting onder die land se veestapel aangerig het dat hy meer vleis ingemaak het as wat hy na Engeland kon verskeep, of dat hy vleis uitvoer vir militêre gebruik en blikkiesvleis invoer vir burgerlike verbruik. 'n Swaap, so lui 'n definisie, is iemand wat as 'n lyn te kort is, agter 'n stuk afsny om dit voor aan te las. Die regering se optrede beantwoord ongeveer aan hierdie definisie.

'n Paar dae tevore het mnr. Strauss in verband met die vleisnood aan 'n groep volgelinge as volg verklaar: **„Die waarheid sover dit vleis betref, is dat ons aan ons kapitaal geëet het. Verlede jaar was daar by voorbeeld 'n akute tekort met die gevolg dat die pryse van slagvee hoog was en die boere diere verkoop het wat werklik te jonk vir die mark was. Syfers van die Kaapse slagpale toon dat hulle vandag beeste slag wat gemiddeld nie meer as 436 pond weeg nie, vergeleke met 'n gemiddelde gewig van 522 pond in 1942. Ons staan dus voor die posisie dat slagbeeste wat in die volksbelang nie voor minstens nog 'n jaar geslag moes gewees het nie, na die slagpale gaan. Nog 'n faktor is die hoë persentasie koeie wat geslag word. Voor die oorlog was 18 persent van die totale aantal beeste wat geslag is, koeie, maar hierdie syfer het gestyg tot 28 persent in 1943. Dit openbaar dat 'n groot persentasie aanteeldiere vir die land verlore is".**

UITGELEWER

Dit is die naakte posisie, soos die Minister dit self sien, maar aan 'n paar honderd vroue wat hom in sy kantoor bestorm het, het hy in dieselfde week gesê het dat die Unie nog voortgaan met die uitvoer van vleis na Engeland in belang van die oorlog. En op 18 Oktober het hy „'n dringende beroep" op produsente gedoen „om nie die bemarking van hul slagvee onnodig te vertraag nie".

So lyk dit wanneer jou land met behulp van die partystelsel uitgelewer word aan 'n vyfde kolonne wie se belange en lojaliteit in die buiteland setel en wat die volk en sy bodem uitsuig in belang van vreemdes. Dit is nie in die volksbelang, so het die Minister gesê, dat die diere voor minstens nog 'n jaar geslag moes gewees het nie, maar hierdie volksbelang wyk vir die partybelang om Engeland in sy imperialistiese oorlog te help, en daarom doen hy 'n dringende beroep op produsente om die bemarking van hul slagvee nie onnodig te vertraag nie!

GOED VIR KOMBUIS DOG NIE VIR SITKAMER

Nasionalis oor Posisie van Uitgeskopte O.B.'s

Mnr. C. K. Aveling, van Newcastle, Natal, 'n bekende steunpilaar van die Nasionale Party, het 'n brief aan die H.N.P.-blaaie gerig waarin hy op die dwaasheid van dr. Malan se uitskopbeleid wys. Dit is nie geplaas nie. Daarin verwys hy na dr. Malan se uitlating by geleentheid van die Eeufees 1938 dat ons nóu handelend moet optree. Hy vra of dr. Malan onder handelend optree bedoel het die uitskopping van duisende Afrikaners uit die Party. „Graag wil ek van die Federale Raad weet wat gaan gebeur as by voorbeeld 100,000 Afrikaners verkies om by die Ossewabrandwag te bly en uit ons Party geskop word. **Waar gaan hierdie 100,000 Afrikaners stem met die verkiesing? Kan u en ek verwag dat hulle druipstert sal kom en vir die H.N.P. stem? My antwoord is beslis: „nee"! Wat bly nou vir hierdie deel van ons volk oor, moet hulle Sap stem? Of moet hulle ronddool soos 'n klomp skape? Of word hulle outomaties gedwing, as hulle nie soos skape wil ronddool nie, om 'n eie parlementêre front te stig? U sal sê hulle moet aansluit by die H.N.P., maar is dit logies om jou mode-Afrikaner by die voordeur uit te skop en dan agterna te sê hy kan maar by die kombuisdeur inkom? My antwoord is, dan ken u die Afrikaner glad nie".**

Voortgaande skryf hy dat dr. Malan twee jaar gelede die Ossewabrandwag daarvan beskuldig het dat hy op die politieke terrein is, en nou dat dr. Van Rensburg aankondig dat die O.B. 'n parlementêre front gaan skep, staan die party-leiers op hul agterpote en raas omdat die O.B. op die politieke terrein kom. Hoe kan hulle verbaas wees oor iets wat hulle lankal beweer het? Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die Ossewabrandwag moontlik tot hierdie stap gedryf is juis omdat hy jare lank al beskuldig word dat hy 'n politieke party is. „Die O.B. het gedink: terwyl ons die naam het, kom laat ons ook maar die daad doen".

LAND PRODUSEER TE MIN KOS VIR ALMAL

Deskundige se Bevinding

In 'n toespraak voor die Rotariërs verlede week in Kaapstad het mnr. Rees Davies, 'n deskundige en navorser, verklaar dat Suid-Afrika op landbougebied 'n C3 land is. Voor die oorlog kon hy slegs 20 persent van die proteïne lewer wat vir sy bevolking nodig was. **Die land produseer slegs 50 persent van die voedsel wat nodig is om die volk behoorlik te voed. Suid-Afrika se melkkoeie produseer gemiddeld 55 gelling melk elk per jaar, terwyl in ander lande 'n gemiddelde produksie van 400 gelling as te laag beskou word. Suid-Afrika se landbouproduksie beloop £0.2 (4s.) per acre vergeleke met £11.6 in Holland, £8 in Denemarke en £6 in Duitsland.**

Hy het verder verklaar dat 'n bomenslike inspanning nodig is om die voedselvraagstuk sonder versuim aan te pak, anders sal dit noodlottig wees.

O.B.-WAG TREK LAER IN GEBIED C

Die eerste opleidingskamp vir O.B.-Wagoffisiere van gebied C is gehou van 4 tot 13 Oktober op die oewers van die Modderrivier, op die plaas van komdt. Richter.

Die manne is deeglik opgelei in die verskillende vertakkings van die werk van die O.B.-Wag. Die werk is baie ywerig gedoen en nieteenstaande die feit dat dag en nag gewerk moes word, was daar altyd 'n glimlag op die gesigte te sien.

Wat betref landsdiens is daar verbasend baie gedoen, verbetering is aangebring op die terrein, vervalle geboue is herstel, en iedere dag is die eienaar van die plaas gehelp met sy werk.

Die kamp is besoek deur die Kommandant-generaal en die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy, wat inspirerende toesprake gelewer het. Die plaaslike gebiedsleier, genl. C. L. de Jager, het die kamp verskeie kere besoek en toegespreek.

Tydens die kamp het een van die offisiere besluit om 'n terrein naby Kroonstad te gee aan die O.B. om in die toekoms te gebruik vir kampe.

Met die Offisierslaertrekking, 12 en 13 Oktober, op Bloemfontein, was alle reëlings insake die verrigtings aan die O.B.-Wag oorgelaat en was hulle verantwoordelik dat alles ordelik uitgevoer is.

OHRIGSTAD SE YWER

Ohrigstad se kommando (F3c7) het die mooi bedrag van £112 ingesamel met O.B.-dag, vergeleke met £81 verlede jaar. Die prestasie is behaal ten spyte van swak oeste. Veldkornetskap 3 het £15 ingesamel met woekergeld. Op die funksie was weer teenwoordig die twee bejaarde staatmakers, mnr. en mev. J. B. S. Potgieter, albei oor die sewentig, wat verlede jaar 15 myl ver gestap het om 'n offisiersvergadering by te woon.—(Ingstuur).

GRASKOP VERLOOR OFFISIER

Die kommando van Ohrigstad, Transvaal, moes onlangs afskeid neem van veldkornette G. E. Kruger van Graskop, wat haar baie ywerig in belang van ons volksaak beywer het. Sy het vertrek na Pretoria, en is ryke seën toegewens deur haar kommandante, mev. H. van der Wal. — (Ingestuur).

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10. HUGENOOT. K.P

ONDERSTEUN!!!!
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 84
BEAUFORT-WES.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

diens
EEUFEESPOSKAARTE
GESKIK VIR
KERSFEESKAARTE
1/6
Per Dosyn
SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.
FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.
EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.
DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet No. 29 van 1939
Kerkstraat 275 PRETORIA
TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
Die Antiseptiese en Helende Oogwas.
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

DIE O.B., WOENSDAG, 8 NOV. 1944.

Breë Rieme

Nadat die regering maandelank die volk probeer diets maak het dat die tekort aan vleis, botter, ens. gewyt moet word aan natuurlike omstandighede soos reën of droogte, al na gelang dit pas, het die Minister van Landbou nou skielik in die jongste tyd besonder openhartig erken dat die tekort die gevolge is van ons geweldige uitvoer na Engeland vir sy oorlogsbehoeftes. Die eerste maal dat hierdie erkenning gedoen is, was op die vooraand van die tussenverkiesing in Germiston. Blykbaar het die regering nou 'n laaste poging aangewend om sy misdaad te verskoon deur die oorlogslojaliteit van sy volgelinge uit te buit. Of die regering onder die indruk verkeer dat hierdie propaganda-rigting deur die Germistonse uitslag as geslaagd bewys is, weet ons nie; moontlik was die agteruitgang **met 1,600 stemme vir hom nog 'n aangename verrassing.** Hoe dit ook al sy, die volk hoef nou nie meer te raai wat van sy voedsel word nie, hy weet dit uit die mond van die Minister self. En dit bly nie net by die verlede nie; min. Strauss kondig oor die radio by voorbaat aan dat „ons moet nou na die toekoms kyk, want die oorlog is nog nie verby nie. **Aanstaande jaar word b.v. meer as 85 persent van die boere en fabrieke se produkte opsygesit vir die gewapende magte van die Verenigde volke. Net die 15 persent wat oorbly sal vir ons eie verbruik beskikbaar wees"!**

OP HALWE RANTSOEN

Hierdie aankondiging doen die Minister wanneer een van sy navorsers 'n paar dae tevore verklaar het dat Suid-Afrika 'n C3 landbouland is en voor die oorlog slegs 50 persent van die voedsel kon produseer wat nodig is vir die behoeftes van die bevolking. Mnr. Rees Davies, wat die verklaring gedoen het, het bygevoeg dat daar 'n „bomenslike inspanning" nodig sal wees om die voedselvraagstuk op te los. **Dit is die bevinding van 'n deskundige, dog die leke-minister kondig aan dat hy van die skamele 50 persent noodsaaklike voedsel in ons land nog 85 persent gaan uitvoer vir Engeland se oorlogvoering!**

Ons neem geredelik aan dat hierdie bomenslike bydrae van Suid-Afrika tot die Britse oorlogspoging met die grootste bereidwilligheid deur die oorlogsparty-bewind onderneem is. Hulle belange is mos nie in Suid-Afrika nie, maar daar ver oor die see. Nogtans probeer mnr. Strauss aan die volk verduidelik dat hulle deur die Geallieerdes daartoe gedwing is. Die eerste dwangmiddel was 'n pistool van Engeland teen ons kop: „As dit nie vir hierdie reëlings was nie, sou dit onmoontlik gewees het om skeepsruimte te kry vir die masjinerie wat nodig is om voedsel in die Unie te produseer". Indien dit waar is dat Engeland ons met hierdie pistool gedwing het, sou enige persoon met selfrespek daarop 'n antwoord gegee het wat Engeland verstaan: hy sou sy benodigdhede van elders ingevoer of dit self vervaardig het — iets wat wel moontlik is soos ons wapennywerheid bewys het. Dieselfde dag waarop mnr. Strauss sy aankondiging doen, verklaar 'n kollega van hom dat daar onrus in Britse kringe is omdat Amerika ons markte verken. Hier was dus 'n wapen waarmee Engeland se afpersing beantwoord kon word.

BILK-PISTOOL

Die tweede pistool is deur Amerika teen ons kop gedruk. Amerika sou, volgens die Minister, ons inmaakfabrieke van tin voorsien op voorwaarde dat die Unie nie meer as 15 persent van sy produksie vir eie gebruik hou nie! **Om dus 'n bietjie tin in die hande te kry verkoop ons regering sy volk se lewensmiddele tot op die boom, ja spreek hy selfs ons reserwevoorrade voedsel aan — om die Minister se eie woorde te gebruik. En wat maak die regering met die tin?** Hy maak blikkieskos wat hy òf aan sy soldate stuur waar hulle vir Engeland en Amerika oorlog voer, òf hy deel dit uit aan die hongerlydende bevolking as 'n troosgereg. **Die volk van Suid-Afrika sou duisend maal liewer daardie 85 persent van sy voedsel vars ontvang het as 15 persent in Amerikaanse blikkies.** Daar was dus geen keuse hier nie.

Of die volk van Suid-Afrika bereid is om vir 92½ persent (as hy van sy halwe rantsoen nog 85 persent moet uitvoer) honger te ly terwille van die oorlog, mag deur mense gewaan word wat daardie honger self nie deel nie, **maar die stygende gebrom selfs in lojale kringe teen die regering se voedselbeleid behoort vir hom 'n vingerwysing te wees dat hy hier te breë rieme sny uit wat vir hom sy eie vel behoort te gewees het, indien hy 'n volksregering was instede van 'n partyregering.**

Die Britse Parlement Verleng sy eie Lewensduur

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Premier Churchill het hom verlede week weereens aan 'n voorspelling gewaag. Hierdie keer het hy egter melding gemaak van „magtige faktore van onsekerheid" en verder dat hy nie kon voorspel „wanneer die oorlog teen Nazi-Duitsland finaal beëindig sal word nie of wanneer dit die guerilla-fase sal binnegaan nie". Hoewel hy „sekerlik nie kan voorspel nie en nog minder waarborg dat die oorlog voor die end van die lente of selfs voor die vroeë somer oor sal wees" gaan hy egter van die veronderstelling uit dat die Duitse oorlog in Maart, April of Mei (1945) beëindig sal word.

Dit is nie ons bedoeling om kommentaar op Churchill se voorspellings te lewer nie. Hy sowel as ander oorlogvoerende regeringshoofde het in die verlede reeds so dikwels voorspel en ook verkeerd voorspel dat 'n mens geneig voel om aan dergelike voorspellings alleen propagandawaarde te heg en niks meer nie. Afgesien daarvan dat die Britse premier hierdie keer sy voorspellings versigtig gestel het, is dit van belang om daarop te let dat sy voorspellings in verband staan met sy voorstel dat die lewe van die Britse parlement verleng word. Die huidige praathuis van Westminster het reeds langer geleef, — die laaste algemene verkiesing het in 1936 plaasgevind — as enige Engelse parlement sedert die uiters koningsgesinde „Cavalier" Parlement van Karel II in die tweede helfte van die sewentiende eeu.

'N HISTORIESE TERUGBLIK

Aangesien 'n parlement as sodanig alleen kan funksioneer as dit vergader en in sessie is, is dit van belang om die byeenroeping, verdaging, ontbinding en lewensduur van die Britse parlement in sy historiese agtergrond te begryp.

Voor die bekende Bill of Rights in 1689 het dit tot die koninklike prerogatiewe behoort om verkiesings uit te skryf, die parlement byeen te roep, dit te verdaag en te ontbind. In die eeue van koninklike absolutisme soos tydens die regerings van die Tudors en Stuarts, het die Engelse konings dan ook veelvuldig van hierdie prerogatiewe gebruik en misbruik gemaak. Dit het gedurende die 16de en 17de eeue herhaaldelik voorgekom dat Engelse konings hul parlemente verdaag of ontbind en dan jarelang sonder parlemente regeer as dergelike parlemente 'n selfstandige gees aan die dag gelê het en dit gewaag het om die koning of sy gunsteling-ministers te kritiseer. Dit lê voor die hand dat die koning gedurende hierdie parlementlose tye van allerlei willekeurige en onwettige praktyke gebruik kon maak en ook gebruik gemaak het.

In die langdurige stryd tussen koning en Parlement het laasgenoemde dit in die Triennial Wet van 1641 bewerkstellig om parlementlose regerings onmoontlik te maak. Hiervolgens moes die parlement minstens een maal in die jaar bymekaar kom en die sessie moes minstens vyftig dae duur. Ook is masjinerie in die lewe geroep om verkiesings uit te skryf en die parlement byeen te roep indien die koning versuim om sulks te doen.

Hoewel parlementlose tye nou uitgeskakel is, is die lewensduur van die parlement nog geensins vasgestel nie. Die gevaar het nou ontstaan dat parlemente te lang mag lewe en derhalwe uit voeling met die kiesers sal raak en net so despoties as vroeër die koning sal optree. In die „Long" en „Cavalier" parlemente van die sewentiende eeu het hierdie gevaar dan ook wesentlik bestaan.

By die parlementêre oorwinning oor koninklike absolutisme in die Bill of Rights van 1689 het hierdie gevaar selfs groter geword. Nie alleen het jaarlikse parlementêre vergaderings nou as gevolg van die „Civil List" (begroting) en die Mutiny Act (staande leër) noodsaaklik geword nie, maar parlementêre sowereiniteit kon die lewensduur van die praathuis willekeurig verleng. Dit is waar dat die parlement in die Triennial Wet van 1694 sy lewensduur op drie jaar vasgestel het, maar in die Septennial wet van 1716 het die praathuis sy eie lewe met sewe jaar verleng. Hierdie wet het van krag gebly tot 1911, toe dit vervang is deur die Parliament Act, wat die lewensduur van die parlement op vyf jaar vasgestel het.

'N INKONSEKWENSIE?

Die herhaaldelike verlenging van die lewensduur van die parlement gedurende die huidige oorlog, soos in 1716 met die Septennial wet, is geen verkragting van die Britse grondwet as sodanig nie. As soewereine liggaam het die Britse parlement die grondwettelike reg om enige wet te maak. As hy die reg het om sy eie lewensduur van drie tot sewe jaar te verleng dan het die huidige Churchill-parlement seer seker die reg om sy eie lewensduur van vyf tot agt jaar of langer te verleng. Die konstitusionele gebruik pleit egter daarvoor dat so'n belangrike verandering as die verlenging van die lewensduur van die parlement aan die goedkeuring van die kiesers onderwerp word. Dit het Churchill en sy parlement nie gedoen nie, omdat die abnormale oorlogstoestande dit dan nie sou toelaat nie. As Amerikaanse en Suid-Afrikaanse verkiesings in die middel van 'n wêreldoorlog kan plaasvind, dan behoort tog ook 'n Britse algemene verkiesing moontlik te wees.

Sonder om in te gaan op die meriete van hierdie „ondemokratiese" verlenging van die lewensduur van die huidige Britse parlement, kom dit tog ietwat vreemd voor dat die „demokratiese" Brittanje, die kampvegter van „demokratiese" regte, hom aan dergelike „ondemokratiese" praktyke skuldig maak. As beproefde „demokratiese" middels soos algemene verkiesings en die „toetsing van die volkswil" deur middel van die stembus, geskik is vir normale tye, waarom dan nou gebruik maak van die ondemokratiese middels van die gehate diktature waarmee ons juis in 'n stryd, ideologies en andersins, van lewe en dood gewikkel is? Na byna tien jaar behoort die „demokratiese" Brit voorwaar weer die geleentheid te kry om deur middel van 'n algemene verkiesing sy „demokratiese" wil te kan uitspreek.

Die Nuwe Afrikaanse Klankprent

DONKER SPORE

van C. J. LANGENHOVEN

word vertoon deur VOBI op:

LOERIESFONTEIN	10 NOVEMBER
CALVINIA	11 NOVEMBER
CALVINIA	13 NOVEMBER
CALVINIA	14 NOVEMBER
PORTERVILLE	15 NOVEMBER
PORTERVILLE	16 NOVEMBER
PAROW	17 NOVEMBER
MAITLAND	18 NOVEMBER
MAITLAND	19 NOVEMBER
DURBANVILLE	20 NOVEMBER
EPPINGTUINDORP	21 NOVEMBER
WELLINGTON	22 NOVEMBER
BELLVILLE	23 NOVEMBER
BROOKLYN	24 NOVEMBER
PAARL	25 NOVEMBER
PAARL	26 NOVEMBER
TIERVLEI	27 NOVEMBER
GOODWOOD	28 NOVEMBER
WOODSTOCK	29 NOVEMBER

O.B.-BROSJURES

AANBOD AAN KOMMANDO'S

Op bestellings van 10 of meer van die volgende amptelike O.B.-uitgawes sal aan Kommando's 'n korting van 15% toegestaan word.

Eerste drie toesprake en Lewensskets van die K.G.	6d. elk.
Die O.B.: Vanwaar en Waarheen	1/0 „
O.B.-Gesinsbeleid	9d. „
Die O.B. en (a) Die Kommunisme, (b) Die Parlementsverkiesing en (c) Die Soldate (deur die K.G.)	9d. „
'n Volk op Trek (O.B.-Geskiedenis). Deur Prof. A. J. H. van der Walt	3/3 „

Bestel van die Amptelike Verspreiders

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,

Posbus 4892, Spoorbondkasgebou 507, JOHANNESBURG.

ONS EIE BOEKE

Kan Ons Aanbeveel.

VERNAME PERSONE deur Dr. E. Stockenström	6/6 p.v.
DIE AFRIKAANSE VROU deur Dr. E. Stockenström	6/6 p.v.
SAAM VERBAN 'n Verhaal uit die Anglo-Boere-oorlog deur Mev. M. J. v. Straten	5/- p.v.
MARYNA — 'n roman deur Malherbe-Carinus	5/- p.v.
MIETES EN SAGES Ou Griekse legendes deur Mev. Dr. P. v. Braam	6/6 p.v.
SKANDINAWIESE VERTELLINGE deur Prof. A. C. Bouman en Prof. C. F. S. de Villiers	5/6 p.v.
DIE OU BYBEL 'n Verhaal uit die tyd van die Hugenote-vervolging deur S. Niemeyer	3/6 p.v.
VIR KINDERS Kinders van die Boerevrou	6/6 p..v
ANNA DIE VOELTJIE en ander verhale	1/6 p.v.
TWINTIG SKOOLLIEDJIES	3/- p.v.

Bestel van

Pro Ecclesia-Drukkery (Edms). Bpk.

POSBUS 28 *STELLENBOSCH*

O.B. AANGEWESE VIR TOEKOMSSTRYD

Deur Ismaelskap Gebrei

Laat ons dit besef, dat ons asook die hele wêreld in historiese tye leef en met historiese moontlikhede. En die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, staan aan die drempel van die historiese geleenthede, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, gesê by geleentheid van die offisierslaer op 11 Oktober te Bloemfontein. Ons taak, die taak van die O.B.-leiding, was ses jaar lank om die O.B. vir die Afrikanerdom intakt te hou totdat die chaos kom, hetsy deur die ineenstorting van die Empire in die oorlog of deur sy ineenstorting in die naweë van die oorlog. Want stort gaan hy in elk geval. Ons moet keer dat die O.B. nie voor die tyd tot niet gaan nie — hetsy deur aanvalle van buite of deur swakhede of onversigtighede van binne. **Daardie tyd nader nou sy einde.** As hulle ons wou breek, moes hulle dit gedoen het voor die einde van die oorlog, terwyl hulle nog kan terugval op noodregulasies, geldmag en sulke verbygaande dinge. **Na die oorlog kom 'n atmosfeer wat ons beter verstaan as hulle. Die Ossewabrandwag is — as ek dit so mag uitdruk — deur ses jaar se Ismael wees en deur onderdrukking by voorbaat geakklimatiseer vir die jare wat voorlê.** Ons is al klaar gesout — ons teenstanders het nog nie eens begin nie.

STRY OM MAG

Ons het die stryd om die bestaan gewen. Nou stry ons om die mag ten einde die O.B.-ideaal te laat seëvier. Maar — en dit is die O.B. se historiese verdienste — dit is nie net die stryd om bestaan wat ons gewen het nie. **Ons het die republikeinse siel van ons volk in hierdie oorlogsjare gered.** Jong Suid-Afrika, en veral die Boerejeug, het geleer dat die vryheidsin nie gesterf het nie. Waar die jeug gevaar geloop het om onder die indruk te kom dat die geloof en vryheid gesterf het en dat die republikeinse heldeverering net uit herinneringe uit die vorige geslagte bestaan, daar het die gees van die Ossewabrandwag in die afgelope vyf jaar aan hulle getoon dat die geloof in ons roeping en die vryheidsin van 1815, 1838, van Paardekraal en van die Tweede Vryheidsoorlog en ook van 1914, nog leef en — wat deurslaggewend is — **nog bereid is om nie net te praat nie maar ook om offers te bring.** Met 'n lang reeks offers van die eerste geïnterneerde Afrikaner, en van Elsabé Nel tot by die 107 man wat vanmore nog sit in die konsentrasiekamp en die kamerade in die tronk en Jannie Richter en die talle seuns wat soos gepagde diere in hul eie Vaderland moet leef — het die Ossewabrandwag bewys gebring dat die vryheidstrewe, ook met lyding en offers nog voortleef.

Die nasionale golf wat, met Arbeidersamewerking, in 1924 aan bewind gekom het, het sy krag en inspirasie geput uit gevangenes in die Compounds van Kimberley in 1914-15, en uit die Fort, Johannesburg. Dit is so, en ons weet dit. En die komende golf gaan sy krag put uit die konsentrasiekamp te Koffiefontein en uit dieselfde Fort, en uit die tronk te Bloemfontein — **kortom, uit die Ossewabrandwag.** Dit gaan so wees, en ons weet dit.

En as dit dan so is dat die Ossewabrandwag en sy taaie offervaardigheid die voortstuwende krag van daardie komende golf gaan wees, dan gaan hy ook seer sekerlik seggenskap vat in die koers van daardie golf.

WEDSTRYD VIR BOEREJEUG

'n Voormalige geïnterneerde het 'n bedraggie beskikbaar gestel om te dien as prys ter bevordering van die insameling van Noodhulpgeide. Hierdie prys sal toegeken word aan die Boerejeug-eenheid wat in die tydperk 1 November 1944 tot 28 Februarie 1945 die grootste bedrag vir die Boerejeug-Noodhulpfonds insamel.

Die lang vakansie begin eersdaags en dan is daar baie kans om hiervoor te werk.

O.B.-TAMBOERE DREUN DEUR DIE HOOFSTAD



'n Gedeelte van die groot O.B.-orkes wat met die Krugerhuldiging op 10 Oktober die optog van 2,000 Brandwagte deur die strate van Pretoria met marsmusiek gelei het.

AANKONDIGINGS VAN JEUGLEIER

8 Augustus: Volgens ingekome berigte het die Boerejeug vanjaar skitterend bygedra tot die suksesvolle viering van O.B.-dag. Oral het hulle aan die verrigtinge deelgeneem en ook hulle geldelike bydraes oorhandig. Van harte geluk met die flinke optrede, seuns en dogters! So word 'n goeie saak gedien en die Boerejeug is aan die wenkant.

Verjaardagketting: Die verjaardagketting geniet 'n steeds groeiende belansgtelling wat baie verblydend is maar ook stygende koste meebring. Elke deelnemer sal seker graag 'n ietsie tot bestryding daarvan bydra. In vervolg moet elke deelnemer behalwe sy of haar naam, adres en geboortedatum **drie pennieseëls insluit.**

Skeurkalender: Ongelukkig het daar nie soveel briefies ingekom dat ons volgende jaar 'n skeurkalender kan uitgee nie. Die briefies wat ontvang is — en daar is mooies onder hulle — sal egter op die regte datums in Die O.B. verskyn. Hou maar die blad volgende jaar goed dop.

Kersfeeskaartjies: Volgens vriendelike reëling van die A.K.G. is die Boerejeug vanjaar die enigste O.B.-organisasie wat Kersfeeskaartjies uitgee. Die opbrengs daarvan sal in belang van die Boerjeug aangewend word. Bestel vir julle self en help met die bekendstelling en verkoop daarvan. Lees die advertensie in Die O.B

DIE JEUGLEIER.

RHODESIËR TEKEN IN OP DIE O.B.

'n Afrikaner uit Rhodesië wat graag wil inteken op Die O.B., skryf in sy brief dat hy uitsien na 'n verandering van bewind in suidelike Afrika wat op die oomblik in diens van die Empire staan. Daar in sy land aanskou hy elke dag hoe die onskuldige naturelle vir die Empire se oorlog ingesleep word en hoe Christendom en beskawing, volgens die Britse mentaliteit van baasskap, vereenselwig word met die belange van die Empire. „Mag die republikeinsgesinde Afrikaner die middels in hande kry tot bereiking van sy doel, sluit hy.

NIE IN DIE LEËR


Deur kwaadgesinde persone word vertel dat genl. Jurgens Schoeman sy oudste seun, Philip, by die leër laat aansluit het en dat hy oorsee is. Die feit is dat hy 'n betrekking aanvaar het by 'n petrolmaatskappy in die buiteland en tans werksaam is op die eiland Bahrein in die Persiese Golf.

Partypolitiek is ewigdurende tontrek op staatkundige gebied — die partye waggel heen en weer oor die beginpunt en kom nie verder nie; daar is geen vooruitgang.


Volksbeweging is saamtrek op staatkundige gebied — die hele volk beweeg steeds verder na sy eindbestemming; daar is steeds vooruitgang.

Die Ossewabrandwag eis geen alleenreg vir homself op politieke gebied soos die partypolitiek nie.

Die Ossewabrandwag verlang samewerking van die hele volk op politieke gebied.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2288

W.G.A.-VOORSITTER WAARSKU TEEN DEPRESSIE-KOMPLEKS

MAATSKAPPY VERKLAAR 10% DIWIDEND

Sy Edele N. C. Havenga, voorsitter van die W.G.A. direksie, het op die jaarvergadering van die maatskappy te Port Elizabeth op 20 September 1944, as volg in sy jaarverslag verklaar:

Geagte Kollegas op ons W.G.A. Raad en Aandeelhouers,

Dit is 'n nuwe en interessante ondervinding om geroepe te wees om aan u voor te lê die Balansstaat en begeleidende rekeninge wat in besonderheid weerspieël die ware toestande en bedrywighede tot 30.6.44 van hierdie Suid-Afrikaanse sake-onderneming.

Waar ons vandag in die sesde oorlogsjaar staan, vind ons dat die Suid-Afrikaanse boer 'n tydperk van skynbare voorspoed ondervind. Gelukkig moet geag word diegene onder hulle wat daarin geslaag het om van skuldelaste ontslae te raak. Vir die groot meerderheid bly die bestaan steeds bemoeilik deur omstandighede deur die oorlog meegebring. In die algemeen het die koste van produksie onrusbarend gestyg en 'n peil bereik wat suksesvolle mededinging in normale tye op Europese markte waarskynlik onmoontlik sal maak. Nie alleen vir die boer maar vir ons gesaghebbendes, sal dit 'n hoof na-oorlogse probleem word.

Die bestendige mark vir wol en die oordeelkundige en regverdige wyse waarop die standaarde toegepas word, was en bly vir ons voorwaar 'n groot bate. Vandag verkeer ons in onsekerheid hoe lank hierdie stelsel van verkoping nog gangbaar sal bly.

Graag sal ons wil verneem hoe oor die opgehoopte wol na die oorlog beskik sal word.

'n Ander saak van die allergrootste belang is hoe sintetiese tekstielprodukte wat gedurende die oorlog in algemene gebruik gekom het, die aanvraag om wol sal beïnvloed. Volgens die laaste berigte tot ons beskikking wil dit voorkom asof die wêreld nou eers werklik wolbewus word. Hierdie ontwaking moet van gebruik gemaak word en die wolboer en die fabrikant van wolgoedere moet hul produkte doeltreffend en gesamentlik propageer. Internasionale samewerking in hierdie verband kan ten sterkste aanbeveel word en een saak waaroor baie gepraat word maar weinig gedoen word is die kwessie van navorsing by die produksie van wolgoedere. Indien ons toelaat dat die sintetiese produk die oorhand kry, sal nie alleen die wolprodusent geruïneer wees nie, maar die beste kledingsmateriaal wat die wêreld ooit geken het, verlore wees. **Die boer sal sy deel moet bydra om die prys van wolgoedere laag te hou maar dan moet toegesien word dat die ander skakels in die produksie en distribusie-prosesse ook hulle deel bydra.** Vandag neig die aanvraag reeds om te konsentreer op woltipes van die allerhoogste kwaliteit.

Vandag is dit ongelukkig die geval dat wol nie verwerk word waar dit gekweek word nie. Indien aan wol reg moet geskied, is dit gebiedend noodsaaklik dat dit in die land van herkoms verwerk moet word.

As ons alle aspekte van die saak in aanmerking neem, kom ons voor die vraag of wol werklik 'n afnemende bate vir die land word. Baie het reeds die onverstandige daad begaan om die Merino selfs in dele wat daarvoor heeltemal ongeskik is, uit te baster met vleisrasse. **Dit moet voorwaar vir die land 'n ernstige ekonomiese verlies en bedreiging word.** Ons hier in die W.G.A. gaan hierdie afbrekende beleide en propaganda sover moontlik beveg.

Ons moet die W.G.A. gelukwens met die state wat voorgelê word. Dit getuig van 'n gesonde finansiële toestand. Die Raad het dan ook die genoeë om aan te beveel dat 'n diwidend van 10 persent op alle opbetaalde aandele vêrklaar word, terwyl die restant op die verdelingsrekening oorgedra word. Voorts word aanbeveel dat die algemene reserwe verder kragdadig vesterk word, sodat dit nou op 'n bedrag van £30,000 te staan sal kom.

Dit is ons ernstige waarskuwing aan almal om nie 'n teenspoed-kompleks te ontwikkel nie. Almal verwag nou maar 'n depressie na 'n oorlog en as ons almal oortuig is daarvan sal dit ook kom. Laat ons waak teen onsself en alhoewel ons feite in die gesig moet staar, moet ons die gees van 'n jong land, vir wie daar 'n rooskleurige toekoms is, uitlewe — 'n gees van optimisme en progressiwiteit.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om die tyding aan ons goedgesinde vriende te kan oorbring dat die W.G.A. vandag geheel en al deur die Suid-Afrikaanse boer besit, beheer en bestuur word. Elke pennie wat aan die buiteland verskuldig was, is terugbetaal.

GEBOORTE

BADENHORST: Aan Johann en Lucie van Kaapmuiden, 'n lief O.B.-seun op 28 Oktober. Naas God dank aan Dokter en Verpleegster. „LANK LEWE DIE OSSEWABRANDWAG."

LOUBSER: 'n Fris dogter in die Rooihoogte Kraaminrigting, op Woensdag, 1 November.
Die dankbare ouers: Johannes en Charlotte Loubser, „Sonneskyn", Paarl.

JOHANNES PETRUS PRINSLOO, gebore op 22 September 1944, seun van mnr. J. P. en Veldkornette S. C. M. Prinsloo; om brandwag by Mammie te staan solank ou Vader in die gevangenis verkeer.

LOUW: Van die Heer ontvang op Donderdag, 16 Oktober 1944, 'n fris O.B.-seun. Lank lewe die O.B.
Perdefontein, Elizabethsfontein,
Clanwilliam.

VERLOWING

DU PLESSIS—VAN DER WESTHUIZEN: Hiermee wens ons, Chrissie van Thaba 'Nchu en Veldkornet Gert du Plessis, A.V.B.O.B., Bloemfontein, aan familie en vriende bekend te maak dat ons op 21 Oktober, verloof is.

KEULER SWANEPOEL: Ons twee (Hettie), oudste dogter van Komdt. en Veldkornette mev. K. S. Keuler, Kromvlei, Blikfontein, en Hennie, jongste seun van Hfkomdt. en Veldkornette mev. G. H. Swanepoel, Boetsap, maak aan familie en vriende(inne) bekend dat ons op die 28ste Okt. verloof is.

DOODBERIG

CRONJÉ. — Laat die aand van 17 Oktober is ons enigste lieflingseuntjie, Kareltjie, oorgeplant om te pryk in die Hemelse tuin. Slegs 7 jaar 1 maand en 26 dae was hy vir ons geleen. Hy was ons ligstraal en nou 'n diamantjie in Jesus se Kroon. Ons verlang so baie Boetie. **Pappie, mammie, sussie, ouma en oupa.**

IN MEMORIAM

Namens die Ossewabrandwag Kommando van Memel, O.V.S., dink ons in liefdevolle herinnering aan Lukas Johannes Olivier, oorlede 16 November 1943, en Jan Tomas Martens Potgieter, oorlede 22 Desember 1943. Aan die naasbestaandes getuig ons hiermee ons innige deelneming met hulle verlies.

PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

BOERE wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. **Nasionale Dienste, Johannesburg,** bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg **Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg.** Ons het 'n magdom kopers.

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. **Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

JONG losgelate Rampokker vra £200 te leen om weer boerdery te begin. Gewillig om rente te betaal. Skryf aan **Van Loggerenberg, Bus 77, Belfast.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. **Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Marksagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is, en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie.—„THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. **A. P. Swart** vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton.** Foon 35-1879.

PERSOONLIKE MAGNETISME. — Iedere persoon stel meer belang in homself as in enig ander mens op aarde, behalwe soms moeders. Daardie belangstelling in homself is nie verkeerd of misplaas nie solank dit gepaard gaan met 'n begeerte tot selfverheffing en selfverbetering. Vra die **Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria,** vir sy gratis brosjure en voorligting oor die verkryging van Persoonlike Magnetisme en Selfverbetering.

VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige **plaas Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, mev. **A. Badenhorst.**

WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn geïewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

BETREKKING VAKANT

AFRIKANERS BENODIG. — Seuns met std. 6 tot 8 kan met bietjie opleiding £15 tot £18 per maand verdien. Skryf dadelik om besonderhede aan **B.V.B., Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

APPLIKASIES word ingewag vir ons kwekery-kantoor te Eikenhof: (a) Tweetalige Snelskriftikster; (b) Kantoor-Assistente; (c) Mansklerk. Almal gekwalifiseerd, en met of sonder ondervinding. Losies word hier gereel. Sertifikate en indien moontlik 'n kiekie. Koevert gemerk „APPLIKASIE" aan:—
HERHOLDT SE BOOMKWEKERY,
Posbus 660, JOHANNESBURG.

BENODIG. — Bestuurder vir Motor Spaardele en algemene Voorrade Departement. Moet ondervinding hê van inkope en algemene bestuur. Meld ouderdom, kwalifikasies, ondervinding, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Goeie vooruitsigte. **Roelou Barry (Etens.) Bpk., Posbus 99, Robertson.**

BENODIG.—Onderwyseres of onderwyser met ondervinding, volgens Goewerment-stelsel, Afrikaans-medium, vir 3 seuntjies. Een beginner, 2 in Std. III. Moet Afrikaanssprekend wees. Te begin 1ste kwartaal 1945. Meld salaris met vry inwoning aan **W. J. Goosen, Quaggasfontein, P.K. Halseton, oor Sterkstroom.**

BENODIG 'n ongetroude voorman vir gemengde boerdery op plaas in Wellington distrik. Salaris volgens bekwaamheid. Rig aansoeke tesame met vermelding van ondervinding en getuigskrif van plaaslike O.B.-Kommandant aan: **C. D. Cillie, P.K. Blouvlei, Wellington.**

TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1,000 Australorps, 1,000 Leghorns en 1,000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys £5 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.**

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15/- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

FRIESBUL. — Pragtige dier, goedgekeur (nie geregistreer nie). £25 gelewer Klaasvoogds-stasie. Skryf aan **S. F. Breytenbach, Bus 13, Robertson.**

EEN Friesland-bulletjie. — Vader Effatha Walter No. 15602/12, 2de pryswenner 1943 en 1944 teen Kampioenbul — uit Bakenskraal Nico Arend No. 11152/8, Kampioen, by Hugenoot Witster No. 19622/11, Kampioen; melk 18,000 pond in 300 dae; uit eerste prys 8-gelling koei. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

GEREGISTREERDE Afrikanerkoeie in kalf van geregistreerde bulle. Goeie telers. Navraag by **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

GROENTEPLANTJIES. — Australiese bruin uieplantjies, 3/- 500, 5/- 1,000. Spitskoolplantjies: 2/- 100, 8/- 500, 14/- 1,000. Gewortelde arbeiplantjies: 5/- 100. Goeie verpakking. K.M.B. posvry: **L. M. van Niekerk, „Frikana," Tadcaster, K.P.**

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

KELPIE-COLLIE Skaaphondjies. Ouers uitstaande werkers en baie lewendig. Reuntjies £2, en tefies £1-10-0. — **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

KARAKOEL KRUIS-OOIE EN WISSEL-OOILAMMERS. Almal jonk, geteel uit Persie-ooie en suiwer A Pypkruil ramme uit Grootfonteinstoet. **I. J. Haarhof en Seuns, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

LEMOEN- en Veldblocisel-Heuning in 1 pond bottels teen 24/6 per dosyn. In 60-pondblikke teen 1/7½ per pond. K.m.b. — **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood, K.P.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

O, dit is „Cool Grisp" Komkommersaad; 17/- per pond, 9/- halfpond. Chantenay en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.
BEETSAAD, Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadkweker, „Rus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

PATATRANKE. — Nou reg vir plant. Borrie en wit teen 12/6 per duisend. Sesmaande teen 8/6 per duisend. K.M.B. Gelewer op Serpentine Sylyn. **P. J. Gerber, C./su., Hoekwil, George.**

PATATRANKE. — Topranke nou bekwaam vir plant. Sesmaande soort 8/- per duisend, driemaande soort (Borrie) 9/- per duisend, gelewer Plathuis-sylyn. Meld u stasie en stuur kontant met bestelling. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

SPEELSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.**

MYNWERKERS VEG NOG

Die mynwerkers aan die Rand gaan nog steeds voort om te eis dat die huidige bestuur moet bedank omdat hy nie die mynwerkers se eis om loonverhoging gesteun het nie, dog ingestem het om 'n troosgeld van £500,000 in vyf jaarlikse paaiemente van die mynbase te aanvaar. Op sommige vergaderings is aanbeveel dat die amptenare van die mynwerkersbond gepensioeneerde mynteringlyers moet wees en nie fris en gesonde persone nie. Sedert die uitbreek van die oorlog het die lede van die bond nog nie weer geleentheid gehad om 'n nuwe bestuur te kies nie. Die bestuur het van sy kant as wapen die ooreenkoms met die base dat niemand in diens geneem mag word wat deur die bestuur uit die bond geskop word nie — die sogenaamde beginsel van geslote geledere. Met hierdie wapen is reeds gedreig, maar die mynwerkers verklaar dat die bestuur nie 15,000 mynwerkers kan uitskop nie.

Intussen het 'n afvaardiging die Minister van Arbeid ontmoet en hul eis om die verkiesing van 'n nuwe bestuur aan hom voorgelê.

VERJAARDAGKETTING

9 Nov.: Hugh Louw, Houtbaai; Hentie Mulder, Cradock; Ludwig du Plessis, Port Elizabeth; Stephanus J. Bester, Paul Roux; Christiaan F. le Roux, Gumtree, Hermanus; G. F. Roos, Fouriesburg.

10 Nov.: Jan G. Solms, Stellenbosch; Benjamin Marais, Paarl; Carel J. Potgieter, Kirkwood; Gerrit van Zyl, Montagu; Josephus R. Janse van Rensburg, Clocolan; Wessel Oosthuizen, Pietersburg; Pieter Pretorius, Boshoop.

11 Nov.: Hettie van Rensburg, Carnarvon; Beatrix M. Meiring, Kirkwood; Lena Maritz, Somerset-Oos; Mariana van Wyk, Fraserburg; Hyla J. Bredenkamp, Observatory; Johan D. H. Coetzee, Lindley; Magdalena J. van Heerden, Vryburg; Roelof P. S. Joubert, Bosbokrand; Jemina J. Jacobs, Soekmekaar.

12 Nov.: Maans Wagener, Ceres; Ronelle Mostert, Beaufort-Wes; Zacharia Victor, Wynberg; Isabel Wolmarans, Port Elizabeth; Annie Eksteen, Franschhoek; Haibrecht E. v. d. Berg, Fouriesburg; Catharina E. van Dyk, Koster.

13 Nov.: Francis M. H. Sampson, Port Elizabeth; Aletta M. M. Myburgh, Merweville; Maria Jooste, Sutherland; Hansie van Rensburg, Groot-Brakrivier; Salomina C. Botha, Groot-Brakrivier; Issie van der Walt, Bethlehem; Petronella Kapp, Glenroy; Pieter J. Lodewyk Grobler, Legkraal.

13 Nov.: Carolina M. W. Wilken, Soekmekaar; Lenie Pretorius, Rustenburg; P. J. van der Merwe, Rustenburg; Willie J. Volschenk, Eloff.

14 Nov.: Bertie Louw, Suider-Paarl; Anna Havenga, Maribogo; Kalie van der Meulen, Bedford; M. M. Marguerite Walters, Loxton; Catharina F. S. du Plessis, Schuinsdrift; Stephanie P. Kruger, Derby; Dawn E. Siebrits, Paarl; Leon Swart, Groot-Brakrivier; Roebie le Roux, Clocolan; Dirk de Kock, Bethlehem.

15 Nov.: Jacoba Ellis, George; Cornelia Barnard, George; Elsabe Malan, Pinelands; Anna le Roux, Goudini; Marie Jacobs, Syferwater; Frans Maritz, Middelpos.

TE KOOP

SOUT SOUT SOUT
KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS ONMIDDELLIKE AFLEWERING!
No. I.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. No. 2: Gemaal 8/-; Grof 6/-. No. 3: Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.

SPINWIELE. — Met „winder" £6-10-0, sonder „winder" £5-10-0. K.B.A. **T. B. Neser, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.**

VARS droë gebaalde eerstegraad lusern teen 5/3. Tweedegraad 4/6. Alles per 100 pond. V.o.s. Kirkwood. — **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — **Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

VOLBLOED Karakoelramme, direk uit die beroemde Regerings-stoet te Grootfontein. Goeie kondisie en geskik vir onmiddellike gebruik. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

HERHOLDT se BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG

KRISANTE — Oktober-November planttyd.
Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande praëgsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.
Ons „OPERA" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.
Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.
Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.
AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, plenk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.
Kontant met bestelling.
Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

DEFTIGE SOMERSHOEDE
in groot verskeidenheid
by
Steyns
Parow se Moderne DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

'n Jong Afrikaner skryf as volg :

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

Meer as 200 Kursusse.

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

In belang van Opvoeding nie van winste nie.

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

Helpmekaar-korrespondensie-kollege

VOORTREKKERGEBOU 310, HOÉKSTRAAT 18, JOHANNESBURG

Posbus 3512 **Foon 22-3512**

(O.B., 27 Sept. 1944)

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder
JOHN SCHOEMAN,
„EXCELSIOR"
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

	Per Bottel	Per Gelling
Spesiaal	2/3	10/-
Rooi Jeripiko	1/9	8/-
Wit Jeripiko	1/9	8/-
Malmsey	1/9	8/-
Soet Muskadel — rooi	1/8	7/6
Soet Muskadel — wit	1/8	7/6
Soet Port	1/8	7/6
Port	1/6	7/-
Pontak	1/6	7/-
Worcester Hock	1/6	7/-
Spesiale Sjerrie	1/6	7/-
Sjerrie	1/5	6/6
Moskonfyt	1/6	6/6

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.